WellingtonINFO – 2014.04.07

Die volgende eposse wat van inwoners en instansies ontvang was, bevat inligting wat vir u van waarde kan wees.

1. **Probleme met vragmotors en in Wellington se middedorp**: onderstaande epos is ook vir die verantwoordelike amptenare aangestuur.

"Ek is woonagtig te Regent straat Wellington. Wat ek die afgelope paar maande sien maak my nie net kwaad nie, dit gaan ook my verstand te bowe!!! Wat ek vandag gesien het is egter die kersie op die koek, en dit moet dadelik end kry. Verskaffers van BuildIt Wellington staan met "interlink" vragmotors in ons straat terwyl hulle goedere aflaai, toegang tot my en van my bure se erwe is ontoereikbaar, hoevele motors moes omdraai en 'n ander pad soek om deurgang tot Hoofstraat en die ander strate te verkry. Wat ek ook al hoe meer opmerk is die swaar vragmotors (wat jy voorheen nooit in Wellington se middedorp gesien het nie) wat amper op 'n daaglikse basis deur ons strate ry, ons strate word nie net onveilig gemaak nie, dit word ook beskadig deur die swaar voertuie, die bome langs die paaie loop ook deur, jy kan maar kyk hoe lê die takke die wêreld vol. Nou die ander dag het ek gesien hoe so vragmotor nie net die bome langs die pad beskadig nie, maar ook die randstene wat op die sypaadjie is in hul kanon ry!!

Dit is vir my verbysterend hoe BuildIt dit regkry om tot verkeer in Hoofstraat tot stilstand te bring vir die aflaai van sement, bakstene en talle ander bou materiaal….!

Met wie gesels ek hieroor, want as dit weer gebeur gaan die poppe dans! Ek het die verkeersafdeling gebel, ek is toe ingelig dat hulle reeds gesluit is vir die dag – dit is dus vir my duidelik hoekom jy geen beamptes na ure en oor naweke sien op die strate van Wellington nie, vandaar die gemors elke naweek en saans met mense wat jaag/"spin" en ongelukke maak!!! Toe ek na 'n lang gesukkel (met behulp van Lt/Kol Rossouw) die nommer van die bystand beamptes kry word ek meegedeel dat hulle almal by die UB40 samekoms is – HOE VERSTAAN JY DIT, MOET DIE DOPR TOT STILSTAND KOM OOR 'N MUSIEK BYEENKOMS????

Hoeveel mense het al klagtes hieroor ingedien, net mooi niks word aan die saak gedoen nie! Kan ek jou hulp in die verband vra om net die regte mense te kontak, of om my epos aan die regte persone te stuur asb? Pierre"

2. **Possible case of stock theft:**

"Yesterday (1st April) I was witness to an incident which I feel farmers should be made aware of: "This is not an April Fool"s story"

Whilst travelling on the R44 (approx 2km) from the crossing, I saw sheep being offloaded from a transport truck into a white bakkie. Unfortunately, by the time I realized what was going on, it was too late for me to stop and take photos. It was also pointless phoning the police because the bakkie was already full and it looked as though they were busy loading the last sheep, so they would have been gone by the time the police got there anyway. I still cannot believe that they could pull something like this off in broad daylight. I would like to suggest that all drivers utilizing the R44, should be on the lookout for incidents such as these and have the police's phone number readily available. Do not confront them – chances are that they are probably armed.

If the police do decide to patrol more frequently, then I would suggest that they operate in ghost vehicles so as not to scare off the offenders. No wonder meat prices are so high (lol) Yours Seb"

3. Terugvoer tov Waterrekeninge

3.1 "Goeie more Attie, Ek het toe ook nou my astronomiese waterrekening ontvang. Ek en Andre was vir bykans n maand nie eers hier nie en tydens daardie tyd het ons, volgens die waterrekening, 183 KL vir Maart se gebruik. Ek het dit onmiddellik onder die aandag van die Burgemeester gebring wie binne n uur gereageer het en sal die Raadslid wat daarmee gemoeid is, opdrag gee om ons te skakel. Dankie julle het dit in jul nuusbrief onder ons aandag gebring. Groete WANDA DU PLESSIS"

3.2 “Vir baie jare reeds lees my seun die watermeter op sy erf asook dié op my erf. Dit het slegs 'n telefoonoproep gekos vir toestemming. Op 'n vasgestelde datum bel hy om die lesing te rapporteer. Dit is dalk die oplossing vir die verkeerde rekenings indien die verbruik wat aangedui is onrealisties hoog is. 'n Beter reëling dalk vir verskeie redes? Hester”

4. **Moontlik vermiste honde gevind:**

“Indien enige iemand twee Bruin Rifrug Honde (reun en teef) vermis moet hulle asseblief vir Pierre v Schalkwyk kontak by 082 577 9901, Baie dankie. Mari”

5. **Openbare vergaderings**

“ Hiermee inligting oor die vergaderingskedule vir die openbare vergaderings om die publiek in te lig, interaksie te verkry en verslag te doen aangaande Drakenstein munisipaliteit se voorgestelde 2014/15 munisipale begroting en vyf jaar plan. Die openbare vergaderings word in elke wyk gehou soos adverteer en word bygewoon deur die munisipale senior amptenare en raadslede om geleentheid te bied vir die belangrike publieke deelname.

Alle inwoners is welkom en die datums vir die vergaderings in die Wellington wyke is as volg:

1. Wyk 2 : Berg en Dal, Ranzadale en Wellington sentraal – Maandag 7 April 2014 om 19.00 in die Wellington Stadsaal

2. Wyk 18: Wellington Noord, Soetendal, New Rest, Onverwacht en plase Wes van Hermonpad – Dinsdag 8 April 2014 0m 19.00 te Wellington Stadsaal

3. Wyk 29: Uitsig, Perdeskoen,Wellington Voorstraat omgewing – Donderdag 10 April 2014 om 19.00 in die Happy Toddler Creche saal, Mintoorstraat, Wellington

4. Wyk 10 : Blignautstraat, Hillcrest omgewing – Woensdag 16 April 2014 om19.00 in die Breakthru Restoration Community saal

5. Wyk 7 : Weltevrede/Suid van Safmarine saal area – Maandag 14 April 2014 om 19.00 in die Safmarine saal

6. Wyk 11: Newton, OR Tambo, Diemersfontein, Oos van Safmarine saal area – Donderdag 24 April 2014 om 19.00 in die Safmarine saal

Koos le Roux Speaker: Drakenstein”

6. **Skrywe van Raadslid:**

“Ek let op klagtes rakende slaggate ens, en wil graag reageer. Meeste inwoners in die groter Wellingtondorp woon in

Wyk 2[Johan Rademeyer] Tel 0829258149; Kantoor: 021-8074795 ,Wyk 29 [Thys Smith] Tel 0836618363; Kan:021-8074602, of Wyk 18 [Albertus] Tel 0834608060. Ek het nie met my kollegas gesels nie, maar ek glo ieder van hulle sal graag help as daar n probleem vanuit die gemeenskap kom, wat nie deur die normale kanale die verlangde aandag geniet nie.”

Wellington vier sy tweede Stasiefees - vir meer besonderhede kliek op die volgende webskakel
http://www.wellingtoninfo.co.za/index.php/wellingtoninfo/gebeure/

www.WellingtonINFO.co.za

Alle vorige eposse sal voortaan ook op die Webtuiste geplaas word vir die gene wat nie die Epos nuusbrief ontvang nie.